# 6. BUITE-INVLOEDE OP DIE TUG EN DISSIPLINE IN DIE TRANSVAALSE PRIMêRE SKOOL

## 6.1 Inleiding en stellinginname

Onder tug word verstaan die oefening of ontwikkeling van die gees van die mens in gehoorsaamheid en in strenge orde ten opsigte van die beheersing van verkeerde neigings. Dis 'n toestand van onderworpenheid aan gesag. Tug omvat ook al die voorskrifte waarvolgens gehoorsaamheid aan gesag gehandhaaf word.[1]

Vir die tradisionele Christenonderwyser moet daar by die tugvraagstuk op skool aan twee sake besondere aandag geskenk word, naamlik die vorme waarin die moeilikhede hulle openbaar, sowel as die aanleidende oorsake daarvan. Die moeilikhede wat op skool of in die klas voorkom, word soms ook wanordelikhede genoem omdat die kind die goeie verloop van sake in die skool of klas versteur. Wanorde is die teenoorgestelde van orde. Orde in 'n klas word verkry wanneer die kind hom spontaan, dit wil sê vrywillig skik

1) SCHOONEES, P.C. e.a.: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p. 904.

na die gesag van die onderwyser. Wanorde kom voor wanneer daar 'n gebrek aan onderskikking is, of onderskikking onder voortdurende dwang. Wan= orde is die versteuring van 'n sisteem of reël= maat in die skoollewe. Die moeilikhede word weliswaar ook oortredinge genoem omdat die kind of klas van die skool sekere neergelegde reëls of bepalinge wat deur die gesag vir die hand= hawing van orde en behoorlikheid neergelê is, veronagsaam.[2]

Alhoewel die begrip ook straf beteken, is dit nie sinoniem met straf nie. Dis omvattender as straf; dit sluit straf, dissipline en orde in. Orde is die gevolg van goeie dissipline - 'n woord afgelei van die Latynse <u>disciplina</u> wat "onderrig" of "leer" beteken - en dui op 'n netjies, afgeronde, reëlmatige gedrag en optrede.[3]

In hierdie verband is daar 'n ander begrip wat ook na vore tree, naamlik gesag. Gesag dui op die feit dat iemand seggenskap oor 'n ander be= sit. Dis nie identies met mag en dwang nie, maar omvat wel mag, en dwang kan soms uitgeoefen

---

2) COETZEE, J.C.: Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p. 244.
3) POTGIETER, F.J. e.a.: Historiese pedagogiek vir onderwysstudente, p. 157.

word. Daar is wetlike gesag asook gesag wat op die kwaliteite en eienskappe van 'n persoon be= rus. Eersgenoemde verleen die reg tot die maak van wette en die vereiste dat die wette gehoor= saam word, en die oplê van strawwe. Laasge= noemde vereis gehoorsaamheid en is pedagogiese gesag. Vir die Christen is God, die almagtige Skepper, die hoogste, absolute gesag en Hy ver= leen Sy gesag aan die mens.[4] Hierdie feit be= klemtoon onmiddellik die belangrikheid van die onderwyser in die opvoedingsituasie. Die onder= wyser kan geen gesag handhaaf as hy nie die same= werking van sy leerlinge het nie. Hy moet die leerlinge tot selfwerksaamheid motiveer en hulle hul mede-verantwoordelikheid in die skoollewe laat besef. Die belangstelling van die leer= linge moet gewek word, want belangstelling gaan hand aan hand met kraginspanning. By die leer= ling wat nie werk nie, is daar geen kraginspan= ning nie en dus geen belangstelling nie. Die onderwyser moet te alle tye waardig in en voor sy klas optree, want gehoorsaamheid aan gesag kan slegs geskied as die onderwyser sy gesag met waardigheid handhaaf. Die leerlinge moet in die

---

4) Ibid., pp. 157-8.

onderwyser die verpersoonliking van die gesag van God sien - iemand aan wie hulle dus onder=danig wil wees. Die onderwyser moet sy leer=linge se liefde en simpatie probeer wen en moet toon dat hy hom kan beheer. Indien dit die ge=val is, sal hy ander kan beheer, en as hy self gehoorsaam is, kan hy gehoorsaamheid van ander eis. Die gesagsgehoorsame klas is dus 'n werk=same, gehoorsame, belangstellende klas.[5)]

'n Begrip wat onlosmaaklik aan tug, dissipline en gesag verbind is, is vryheid. Vir die Christen is vryheid nie losbandigheid nie, maar inderdaad gebondenheid aan gehoorsaamheid en gesag. Vry=heid is verantwoordelikheid om die wil van God te doen omdat die mens in die finale instansie aan God verantwoordelik bly.[6)]

Op skool is die handhawing van tug van die aller=grootste belang om opvoeding en onderwys te ver=seker. Omdat die mens in sonde ontvang en gebore is, is hy van nature aan die wet van God onge=hoorsaam. Op skool het die onderwyser met on=mondige, tot sonde geneigde leerlinge te doen wat

---

5) COETZEE, op. cit., pp. 252-7.
6) POTGIETER, op. cit., p. 158.

maar altyd die een of ander oortreding begaan. Indien sulke oortredinge nie verhoed kan word nie, moet tug daarna toegepas word, "... dan word tug 'n saak van uitoefening en handhawing, van hande=lende optree, ja van straf, dit wil sê van direk=te reaksie op die openlike daadwerklike kwaad".[7) Indien tughandhawing agterweë gelaat word, of halfhartig toegepas word, sal die skoollewe ont=aard in 'n toestand van bandeloosheid, oortreding en misdaad. Soms moet daar hard teen skooloor=treders opgetree word, want in 'n opvoedkundig gesonde beskouing oor tug is daar nie ruimte vir 'n sogenaamde "sagte pedagogie" nie. So 'n peda=gogie lei tot swak karakters en berei nie die kind voor vir die werklike lewe buite die skool nie.[8)]

Die handhawing van tug en dissipline op skool was by die Afrikaner nog altyd gebaseer op die Woord van God. Die onderwyser wat aan die eis van God se gebod wou voldoen, het aanvaar dat hy sy kinders in waarheid en onderdanigheid moes hou. Hy was dus nog altyd verantwoording aan God verskuldig oor die manier waarop tug op die kind toegepas is. Hy het in die Bybel geleer dat

---

7) COETZEE, op. cit., p. 258.
8) Ibid., pp. 258-9.

die roede nie teruggehou mag word nie en dat die roede en bestraffing vryheid gee, maar dat die Here die mens met mate sal tugtig.[9*] In die lig van Gods Woord sal die goeie onderwyser nie die lat (roede) willens en wetens gebruik nie, maar slegs as laaste, reddende strafmiddel.[9] Jesus se hele onderwysing is betugtiging: vertroue in God; ware nederigheid, fermheid, beslistheid, liefdevolheid, vergewensgesindheid, getrouheid. Jesus se tugmetodes het na gelang van omstandig=hede gewissel. So byvoorbeeld was Hy teleurge=steld in Sy dissipels wat nie in Sy uur van be=noudheid een uur met Hom kon waak nie. Jesus het die tug van selfinsig toegepas toe Hy aan die beskuldigers van die slegte vrou gesê het wie sonder sonde is, die eerste klip moes optel om haar te stenig. Die Here het Petrus met die skerp woorde, "Gaan weg agter My, Satan", bestraf en Jesus het die Fariseërs in toorn "addergeslag" genoem. Ook het Jesus nie gehuiwer om liggaam=straf toe te pas om die mense uit die tempel te verdryf nie.[10] Tug en dissipline is nog altyd deur die Christen-onderwyser toegepas om die jongmens op te voed om 'n Christelike lewe vol=

---

9*) Jeremia 30:31.
9) COETZEE, op. cit., p. 265.
10) POTGIETER, op. cit., pp. 162-3.

gens Bybelse grondslae te voer.[11)]

Sedert die begin van die 20ste eeu het 'n sterk, volksvreemde geesteshouding, bekend as die Huma= nisme, in toenemende mate sy verskyning in die Transvaalse onderwyswese gemaak. Hierdie filo= sofie het die belangstelling van die mens afge= wend van die bo-natuurlike, hiernamaalse en op die stoflike, tydelike "diesseitige" gekonsentreer. Die mens het hom eintlik in die plek van God ge= plaas. Dus kan die Humanisme as 'n reaksie teen die teosentriese, Godverankerde lewens- en wêreld= beskouing beskou word. Uit die Humanisme het ook etlike opvoedingsteorieë te voorskyn gekom, by= voorbeeld die Naturalisme, Rasionalisme en Pragmatisme.[12)]

Die Humanisme het op onderwysgebied getrag om allerlei sedelike stelsels te ontwerp om die Wet van God uit die menslike lewe uit te skakel. Die Humanisme beklemtoon die enkeling - nie die groep of gemeenskap nie. Slegs die gesag van die mens word aanvaar en daarom benadruk die Humanisme die indiwiduele, persoonlike vorming in die op=

---

11) PISTORIUS, P.: Gister en vandag in die op= voeding, p. 236.
12) COETZEE, J.C.: Inleiding tot die historiese opvoedkunde, p. 155.

voedkundige struktuur. Die beklemtoning van persoonlike vryheid bring die Humanisme in opstand teen streng liggaamstraf en tug en beskou persoonlike eergevoel van die kind as 'n doeltreffende tugmiddel - 'n faktor wat maklik tot eersug aanleiding gegee het.[13)]

Vir die Humanisme is vryheid 'n losbandige verbreking van alle gesag; daarom moet die mens toegelaat word om "... sy eie rede en sy eie natuur te volg sonder enige gesag van buite".[14)] Sagter strawwe is bepleit. "Prys en beloning is meer werd as dreigemente en slae" is een van Desiderius Erasmus (1466-1536), 'n Humanistiese denker, se stellings oor die ontwikkelende kind. Lyfstraf is as vernederend, slaafs en aan enige vryman onwaardig, beskou. Dit toon die radikale verskil met die teosentriese beskouing oor tug wat leer dat lyfstraf noodsaaklik is met die doel om die sonde te stuit en die mens te red.[15)]

Net soos die Humanisme was die 18de eeuse Rasio=

---

13) Ibid., pp. 155-9.
14) DU TOIT, J.J.: Vryheid en gesag in die opvoeding, p. 306.
15) COETZEE, J.C.: Inleiding tot die historiese opvoedkunde, p. 312.

nalisme 'n wegswenk van die Christelike denke na die ongeloof. Ondersteuners van die Rasionalisme het alle vorme van gesag gehaat; die rede (ver= stand) moes vry wees, absoluut vry. Bepaalde riglyne oor skooltug en dissipline was afwesig; "... hulle idees oor tug was heeltemal vrysinnig en gebaseer alleen op die rede, want die rede was hulle sedewet sowel as hulle god. Die norme met betrekking tot tug en dissipline is nie in die Bybel gesoek nie. Die kind moet opgevoed word om homself te tug en eintlik sy eie dissi= pline toe te pas, want hy moet leer om te rede= neer, homself te verloën en te beheers.[16) ] Peterson beweer dat Britse skole in die 19de eeu die standpunt gehuldig het dat "... no school can fulfil its purpose whose discipline is based on a pervading consciousness of the cane".[17)] Vanaf die 20ste eeu was die benadering in Britse primêre skole met betrekking tot tug en dissi= pline "... that of cautious but determined liberalism".[18)]

---

16) Ibid., p. 231.

17) PETERSON, A.D.C.: A hundred years of educa= tion, p. 101.

18) Ibid., p. 159.

'n Ander uitvloeisel van die Humanisme wat 'n invloed op tug en dissipline in die Transvaalse skole uitgeoefen het, is die Amerikaanse Pragma= tisme. Volgens John Dewey, die wêreldbekende Amerikaanse opvoedkundige filosoof, poneer die Pragmatisme dat daar by die mens geen tradisies, vaste sisteme of gevestigde beginsels kan be= staan nie; die lewe is een groot beweging waar= by die mens hom gedurig moet aanpas.[19] Die Pragmatisme het hom veral toegelê op die verskyn= sels van vryheid, gesag, tug en dissipline in die opvoeding en die vraag gestel hoe die kind vry kan wees terwyl hy onder gesag staan - vir die Pragmatisme twee onversoenbare faktore.[20] Die onderwyser word derhalwe nie as gesagsdraer met godsdienstig gemotiveerde sedelike doelstellings beskou nie. Hy is bloot 'n persoon wat op die agtergrond moet beweeg en leerlinge net moet help om hulle voor te berei vir die lewe in die heden= daagse wêreld.[21] Onderworpenheid, gewilligheid en gehoorsaamheid, word as negatiewe deugde be= skou en dus verwerp. Geen absolute gesag van God

---

19) KANDEL, I.L.: American education in the twentieth century, pp. 106-7.
20) COETZEE, J.C.: John Dewey - sy Pragmatisme. Onderwysblad, April 1950, p. 7.
21) PISTORIUS, op. cit., p. 225.

word erken nie; die "gesag" van die onderwyser word tot 'n minimum beperk, want die kind is van nature goed, sonder enige kwaad beskou sodat gesag irrelevant was. Dreigemente, drilwerk en liggaamstraf word uitgeskakel. 'n Vrye dissi= pline word bepleit sonder enige dressuur. Be= langstelling is die voorwaarde vir dissipline, want dit rig die wil van die kind.[22)]

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899) was die Britse humanisties-liberaal-demokratiese onderwystradisie reeds stewig in private Britse skole in Transvaal gevestig onder hul eie "Wit= watersrand Council of Education".[23)] Die stem= pel van die Engelse onderwys kon ongehinderd op die Afrikanerjeug in 21 sogenaamde kampskole deur die Britse owerheid afgedruk word,[24)] waar dit - alhoewel "... vreemd in taal en strekking ..."[25)] - stewige beslag onder die wakende oë van 200 ingevoerde Engelse onderwysers gekry het.[26)] Radikale veranderinge in die onderwys,

22) KANDEL,: op. cit., p. 224.
23) COETZEE, J.C. e.a.: Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1956, p. 274.
24) Ibid., p. 276.
25) BOT, A.K.: Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 1836-1951, p. 50.
26) BEHR, A.L. and MACMILLAN, R.G.: Education in South Africa, p. 107.

dus ook ten opsigte van tug en dissipline, is te=weeggebring. Die strydende Afrikaner met sy streng godsdienstige lewensiening en konserwatiewe lewenspatroon is op onderwysterrein gekonfronteer met 'n "nuwe orde", met 'n wêreldse liberale filosofie waaraan hy nie gewoond was nie en waar=op die Britse owerheid sy onderwys sou baseer. Daarom wou Boereleiers soos H.S. Bosman, P. Postma, M.J. Goddefroy, L. Botha en J.C. Smuts deur middel van die C.N.O.-beweging red wat daar nog te redde was. Weens ekonomiese omstandighede is die C.N.O.-poging prakties laat vaar om uit=eindelik in die letter van die Smuts-onderwyswet van 1907 opgeneem te word.[27] Buitendien was die "Transvaal Education Department" ongeneë om C.N.O. te erken en was hy van voorneme om slegs sy eie humanisties-liberale, nie-nasionale on=derwys - met sy eie vreemde vertolking van tug en dissipline - in die Transvaalse primêre skole te implementeer.[28]

## 6.2 Anglo-Amerikaanse beïnvloeding op tug en dissipline, 1910-1960

---

27) Ibid., p. 108.
28) COETZEE, J.C. e.a.: Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1956, p. 278.

### 6.2.1 J.E. Adamson bepleit Pragmatisme

Bot beweer dat J.E. Adamson, Direkteur van Onder=wys, in 1910 'n beroep op die primêre onderwysers=korps in Transvaal gedoen het om hul konserwatis=me te laat vaar. "Adjustment of the new order of things must be based on mutual understanding, not by social and political leaders only, but by as large as possible of the people themselves. Only the very narrow and very short-sighted shirk the effort to adjust themselves to a second en=vironment ..."[29] In 1918 het Adamson 'n besondere beroep op die onderwysers in die primêre skole gedoen om die leerlinge op te voed in diens van die gemeenskap en om aan die eise van die gemeen=skap op 'n utilistiese wyse te voldoen.[30] Adamson het implisiet versoek dat die onderwys=doelstellings in die teken van die liberalistiese vryheidsgedagte gesien moet word, sodat die leer=linge in die primêre skool kon "... ontsnap van die noue determinisme..." waarin hulle vasgevang is.[31]

'n Verdere invloed van die Pragmatisme word opge=

---

29) BOT, op. cit., p. 67.
30) T.O.D.: Jaarverslag, 1918-12-31, p. 222.
31) Ibid., p. 224.

merk in die 1923-sillabusse vir die Transvaalse primêre skole waar Adamson in die voorwoord die oordeelsvermoë van die kind sterk benadruk as 'n "... power of accurate, independent and self-reliant thinking ..."[32] Die onderwyser moet in hierdie verband, waar hy met die klas besig is, slegs toesighouer wees, nie gesagsdraer nie; die leerlinge moet selfstandig voortgaan. Die onderwyser moet dus los staan van die leerlinge, moet slegs vriend, gids en organiseerder wees en moet "... bereid wees om nuwe ideë ..." aan te neem en "... naar buigsamer metodes te strewe..."[33] Adamson se pleidooie vir die implementering van 'n pragmatistiese, liberalistiese, gesagslose onderwysstelsel sou op die lang duur 'n onheilsame invloed op tug en dissipline in die Transvaalse primêre skole uitoefen. Na sy aftrede in 1925 het Die Kristelike Skoolblad geskryf dat "... die sienswyse van ons eie Departement - in die tyd van die vorige direkteur ten minste - sterk oorgehel het na die (werkswyse) van Dewey".[34]

---

32) T.O.D.: Leerplanne, 1923, voorwoord, p. 4.
33) T.O.D.: Jaarverslag, 1921-12-31, p. 243.
34) Redaksionele artikel: Die Kristelike Skoolblad, Mei 1925, p. 3.

### 6.2.2 Die liberalistiese vryheidsgedagte

Die Afrikanerhuisgesinne het in die eerste kwart van die twintigste eeu nog 'n eenheid gevorm. Die gemeenskapsverband was nog sterk en die leefwyse van die huisgesinne volgens 'n besondere patroon, want die aanvaarde standaardwerk oor opvoeding was nog steeds die Bybel. Huislike tug en dissipline is op die Skrif gefundeer en die ooreenstemming tussen die opvoedingsideale tussen huis en huis het die opvoeding vergemaklik.[35)]

Tog wys Het Kristelik Schoolblad in 1912 op bedorwe vreemde invloede op die tug en dissipline by skole waar sienswyses van liberaliste soos John Locke en J.J. Rousseau in die praktyk toegepas is. Daar is beweer dat leerlinge op die sogenaamde natuurlike wyse deur eie ervaring moes leer om die kwaad te vermy.[36)] As voorbeeld is genoem wanneer 'n kind sy vinger in 'n vlam brand die pyn hom 'n volgende keer tot versigtiger optrede sou maan. Die blad het egter daarop gewys dat só 'n standpunt nie die wortel

35) POTGIETER, G.J.: Tug en dissipline. Onderwysblad, Mei 1957, p. 71.
36) Redaksionele artikel: Het Kristelik Schoolblad, Julie 1912, p. 6.

van die kwaad raak nie; die kind sal net slimmer word om die kwaad te ontduik. Dus, as straf vergelding van die kwaad is, sal geen verbetering voorkom nie. Volgens die blad het baie onderwysers die gewoonte gehad om aan leerlinge strafwerk vir pligsversuim te gee, soos die uitskryf van reëls of die leer van 'n gedig. Hierdie handelswyse - aldus Het Kristelike Schoolblad - is uiters oppervlakkig, want vir so 'n kind is die saak tussen hom en sy onderwyser weer herstel sodra die strafwerk afgehandel is. Met ander woorde, die uiting in plaas van die bron van die kwaad is gestraf wat hoegenaamd nie 'n waarborg was om die kwaad finaal uit te wis nie. As straf wraak is, is dit bloot 'n negatiewe opvoedingsmiddel wat die kind leer wat hy nie moet doen nie. Straf as positiewe opvoedingsmiddel bring berou en spreek tot die gewete. Dan sal die kind die lelike raaksien, afkeer daarvan kry en dit gevolglik vermy. Onderwysers is ten sterkste aangeraai om die vreemde, ondermynende verskynsels met betrekking tot tug en dissipline in die primêre skole te verwerp en onder die besef te kom dat straf "... een diepe kijk in't kinderhart eist en't vraagt zoveel van zelfonderzoek".[37] By wyse van teenspraak het die Britsgesinde T.O.D.

---

37) Ibid., p. 8.

hierdie soort vreemde tug as "goed" bestempel en geen wesentlike probleem by die dissipline van die algemene primêre skooljeug opgemerk nie.[38)]

'n Faktor wat die vryheidsbegrip in die onderwys ten sterkste beïnvloed het, was die Eerste Wêreld=oorlog (1914-1918). Voor die oorlog was die be=kende, algemene politiek van die groot moondhede om die kleinere, swakkere nasies sogenaamd te beskerm, te domineer en 'n vreemde kultuur op hulle af te dwing. Dié Wêreldoorlog het die filosofie van Immanuel Kant (1724-1804), dat elke mens 'n doel op sigself is en bestaansreg het, in die kalklig gestel. Hierdie begrip het gelei tot die selfbestemming van klein nasies, met ander woorde elke volk moes sy eie heil volgens sy eie leefwyse uitwerk en volle vryheid in af=hanklikheid geniet. Dit het meegewerk dat op elke lewensterrein 'n land se burgers gelyke wetlike regte sou geniet - ook op onderwysgebied. Hierdie liberalistiese, demokratiese ideaal het geleidelik deurgewerk tot in die primêre skool=lewe en het die tradisionele metode van tug in die skole gaandeweg in onguns by die T.O.D. ge=

---

38) T.O.D.: Jaarverslag, 1917-12-31, p. 130.

raak.[39] Laasgenoemde het in 1931 beweer dat onderwysers in die oë van leerlinge verkleineer word en dat die kind onberekenbare skade ly. Gevolglik is onderwysers aangeraai om 'n studie te maak hoe om orde en tug sonder 'n lat te hand= haaf[40] - 'n duidelike bewys dat die liberalis= tiese vryheidsbegrip reeds besig was om veld te wen.

### 6.2.3 <u>Humanistiese beïnvloeding tot 1945</u>

#### 6.2.3.1 <u>Die verval van dissipline by onderwysers en leerlinge</u>

Gedurende die dertigjare van die 20ste eeu het die Humanisme baie wanopvattings oor die opvoeding veroorsaak. Die mens is beetgepak deur die tyd= gees van materiële oppervlakkigheid, ongebonden= heid, losheid, vry van enige pligsbesef. Die kwessie van tug en dissipline op die primêre skool waarmee die kind aangetrek en beteuel moes word, is verwater tot 'n niksseggende verskynsel wat geen belangstelling, begeerte en toewyding by hom kon wek nie. Menige ouer en onderwyser het

---

39) SMUTS, J.P.: Die moderne ideaal van vryheid m.b.t. tug versus die ou dwangstelsel. <u>Die Kristelike Skoolblad</u>, April 1931, p. 12.
40) <u>T.O.D.: Jaarverslag</u>, 1935-12-31, p. 71.

die Humanisme en Liberalisme ten prooi geval en gevolglik jammerlik in die tugsituasie gefaal. Sulke persone wou alles vir die kinders doen; harde, eerlike werk was skielik te "swaar", te "moeilik" en te "uitputtend" vir die leerlinge. Die gevolg was dat die kind "slap" geword het met 'n uiters oppervlakkige waardebesef.[41) ] Smuts beweer dat baie onderwysers wat deur die vreemdsoortige, oorsese Liberalisme beïndruk is, vasgevang was in "... 'n totale anomie, 'n kul= turele barbarisme wat van hulle dissipels van die sogenaamde natuurlike opvoeding gemaak het. Hulle het dinge hul gang laat gaan; geen vryheid in belang van verhewe persoonlikheidsvorming en gewetensbou nie. Alles kan maar kom soos dit wil; leef asof in 'n Utopiese wêreld van ge= notsug, sonskyn en wyn, ja, 'damn the consequen= ces'".[42)]

Hierdie ondersteuners van die liberalistiese Humanisme, het gedurende die dertigerjare swaar laste vir die staat geword. Die negatiewe invloed wat deur hulle op die primêre skooljeug uitge= oefen is, het die klasdissipline oor die algemeen

---

41) PAUW, S.: Tug en dissipline in die naskoolse jare. Onderwysblad, Mei 1957, p. 79.
42) SMUTS, op. cit., p. 15.

nadelig getref. Leerlinge het tekens van verant=woordelikheidsgebrek getoon, want kinders het mos van "lekker onnies" gehou. Na skool is verdere genot opgesoek: die bioskoop. Geen plig, geen stokperdjie-beoefening nie. "Mooi" bioskoop=prente is besoek waar die jong skoolkind al die kunste van die moderne misdaadwêreld soos moord en roof belewe het. Die held in die prent was die boef wat uiteindelik vasgestrap word, sy rewolwer uitpluk en links en regs maai onder sy agtervolgers. Of, word hy in 'n hoek gedryf, gee hy homself op "onverskrokke" wyse 'n koel=bloedige kopskoot en leef hy in die geheue van die jong skoolkind voort as 'n besondere voor=beeld van dapperheid en moed. Die skurk was derhalwe geen skurk nie; hy was "oorwinnaar" want hy kom in opstand teen die mense wat in sy pad staan. Hy verwerp die gesag en dit maak hom belangrik. So wil die primêre skoolkind ook wees: belangrik. Maak dan maar soos die "crook" in die prent. So word die kind se dissipline afge=takel en hy word 'n onbetroubare, onbruikbare persoon. Selfs die kleinste pliggies word ver=waarloos, soos lesse leer, resitasie voorberei, boeke oortrek, tafels en Bybelversies leer. Die flouste verskonings is vir die pligsversuim aan=

voer.[43]

e liberalistiese Humanisme het die primêre oolkind en onderwyser verder ten nadele beïn= oed deurdat dit hulle van die Bybelse voor= rifte dat die mens moet werk om te bestaan, at afdwaal het. Godsdiensverflouing het in= tree en weinig, indien enige, waarde is geheg n die feit dat die mens as onvolmaakte wese egs deur Christus tot ware vryheid gelei kon rd.[44] Sulke leerlinge het maklik die prooi n jeugmisdaad geword omdat die gebrek aan kuriteit hulle nie kon bevry nie. Stokkies= aai, rook, kafeediefstal, eiendomsbeskadiging ander afkeurenswaardige dade was aan die orde n die dag. Hierdie leerlinge het geen besef n werk gehad nie en sou van nuuts af moes leer t werk edel is, maar dat niks vir die mens soos p appels in die skoot val nie.[45]

2.4 Die tydperk 1945-1960

) Loc. cit.
) KOK, M.J.: Tug, 'n beskouing. Onderwys= blad, Mei 1945, p. 71.
) KOEN, A.J.: Die eise van gedifferensieer= de onderwys. Onderwysblad, Mei 1956, p. 71.

#### 6.2.4.1 Die sg. "sielkundige" opvoeding

'n Besondere probleem waarmee die primêre onderwys in Transvaal te kampe gehad het, was die sogenaamde "nuwe" of "vrye" sielkunde wat, volgens Potgieter, van oorsee na Suid-Afrika oorgewaai het vanaf die einde van die Tweede Wêreldoorlog (1945). Menige ouer het hierdie soort opvoeding nagevolg omdat hulle graag "modern" en "intel" by die gemeenskap wou wees. Die primêre skoolkind is tuis sogenaamd "sielkundig" benader. Tug moes plek maak vir redeneer. Indien 'n kind oortree het, is die saak met die kind beredeneer. Slae is totaal verwerp, want die pyn sou die kind sielkundig knak.[46] Die kind moes volgens die na-oorlogse beskouing glad nie meer gedissiplineer word nie, maar moes vrygelaat word en moes die vryheid soos 'n grootmens geniet.

Die gevolge was maklik voorspelbaar: hoe groter die kind se vryhede, hoe kleiner die ouerlike gesag. Deur die "loslating" is die kind se persoonlikheid gebou - aldus die "sielkundiges".[47] By die "moderne sielkunde" het ouers en onderwysers hulle weinig aan die inhoud van die op=

---

46) POTGIETER, op. cit., p. 71.
47) PRETORIUS, W.G.: Sielkunde of die lat. <u>Die Huisgenoot</u>, Maart 1958, p. 60.

voeding gesteur; die metode was hoofsaak. Die "geleerdes" wat hierdie opvoedingsmetode voorge= staan het, het swaar op die filosofie van Dewey geleun want hulle redenasie was, as die metode "sielkundig" is, moes die straf soortgelyk wees. Gevolglik is daar ten sterkste gewaak teen die ontwikkeling van 'n minderwaardigheidsgevoel by die kind of die onderdrukking van sy persoonlik= heid. Sogenaamd bekommerde ouers wou ten alle koste hulle kinders vrywaar van die swaar en ellende wat hulle as kinders deurgemaak het. Geen geld is ontsien om die kinders te laat "lekker hê" nie, want die ouers kon dit mos be= kostig. Die gevolge van hierdie tugloosheid en uitskakeling van dissipline het by die primêre skoolkind 'n oordrewe meerwaardigheid laat ont= wikkel. Die tragiese was dat die ouers sy fout te laat uitgevind het en gedane sake nie weer kon herstel nie. Namate die kind ouer en "self= standiger" geword het, is daar aanhoudend aan ver= soeke toegegee. Die ouer het sy eie kind begin vrees. Die versoeke het naderhand eise geword, sodat die kind aan sy ouer en sy onderwyser op skool begin dikteer het. Die omgekeerde situa= sie het ontstaan: 'n meerderwaardige kind teenoor 'n minderwaardige ouer. Die kind was uiteinde= lik "baas" in die huis en die ouerlike gesag is

totaal ondermyn.[48]

Pauw het hierdie soort skoolleerlinge doellose, rigtinglose, gesagslose kinders genoem wat behels was met 'n houding van "ek laat nie aan my slaan nie". Omdat hierdie leerlinge tuis geen vader=like gesag geken het nie, wou hulle hulle ook nie aan die professionele gesag van die onderwyser onderwerp nie.[49] Hierdie kind was gewoonlik koppig, nukkerig en eiewys omdat niemand ooit sy wil beteuel het nie. Die gebrek aan gesag het aanleiding gegee tot 'n gebrek aan ontsag vir meerderes soos die vader, moeder en onderwyser. Gevolglik is die vader sommer "ou tjoppie" genoem; die moeder "my ou tannie" of "die ou vrou" en die onderwyser die "ou onnie". Die huis was die "lêplek" of "kaia" terwyl die kind se taal deur=spek was met byname vir onderwysers. Die ouer-kind-onderwyserverhouding is vervlak tot 'n toe=stand van maatswees, want maatswees moes vrees verdring. Dit toon duidelik hoe verderflik die invloed van dié "sielkunde" op die Transvaalse primêre skooljeug was en hoe groot die dwaling wat as gevolg daarvan ontstaan het. Vrees is

---

48) POTGIETER, G.J.: Tug en dissipline. Onder=wysblad, Mei 1957, p. 71.
49) PAUW, S.: Die beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad, p. 74.

'n vereiste vir opvoeding. Net soos die volwassene God vrees, net so moet die kind ook die ouer vrees wat hom die onderskeid tussen goed en kwaad, deug en ondeug moes leer.[50)]

Die losbandige lewe van die jeug het ongelukkig die broeiplek van uitlandse kultusse geword. Die eendstertkultus lê menige volwassene nog goed voor die gees; selfs klein seuntjies van die primêre skool het aan hierdie verderflike verskynsel ten prooi geval. Nagtelike straatlopery het algemeen in stede en dorpe voorgekom waar die kind allerhande dinge soos spottery, onhoflikheid en gebrek aan naasteliefde geleer het.[51)] In die primêre skole was die gedrag van hierdie leerlinge liefdeloos, moedswillig en onverantwoordelik. Simpatie teenoor die medeskolier en hulpvaardigheid was vir dié soort kind onbekende deugde. Hy het maklik met die onderwyser en die skoolorde in botsing gekom. Dit was die gevolg van sy ongedissiplineerde, tuglose, lewensomstandighede tuis wat die kind van persoonlike stabiliteit, doelgerigtheid en

---

50) POTGIETER, G.J.: Tug en dissipline. Onderwysblad, Mei 1957, p. 71.
51) KOEN, op. cit., p. 41.

innerlike sekuriteit beroof het - 'n onbetwisbare kenmerk van die verabsolutering van die humanis=tiese lewensiening van sy ouers, waar die kind in die slag gebly het.[52)]

### 6.2.4.2 Die humanistiese onderwysmetodes

'n Duidelike invloed van die humanistiese vry=heidsgedagte in die Transvaalse primêre onderwys is die toepassing van aangename onderwysmetodes soos die volgende:

* Speelmetodes, waardeur die kind al spelende sy taak afhandel sonder besondere inspanning.

* Maklike metodes, waar die kind of die onder=wyser moeiliker, ingewikkelder metodes doel=bewus vermy het, nie omdat hulle minder doel=treffend was nie, maar bloot om "onnodige" inspanning uit te skakel.

* Psigologiese metodes, wat by die innerlike aard en ontwikkeling van die kind gepas het,

---

52) GREŸBE, J.H.: Dissipline in die skool. Onderwysblad, Julie 1950, p. 26.

byvoorbeeld die direkte metode van taal=
onderwys.

* Die induktiewe metode, waar die kind self die taalreëls volgens 'n sigbare verskynsel opstel.

* Gradering van leerstof vir verskillende klasse wat hoofsaaklik uit leerlinge van die= selfde ouderdomsgroep bestaan het, byvoor= beeld die opstel van klasleesboeke vir be= sondere standerds.

* Aanskouingsonderwys, dit wil sê direkte er= varing deur middel van die sintuie waar leerlinge vinniger, meer en beter in 'n korter tyd kon leer.

* Die erkenning van indiwiduele verskille waar leerlinge ten opsigte van potensiaal, be= langstelling, vaardigheid en intelligensie verskil het.

* Selfaktiwiteit, waar die leerling sy hande, oë, ore, mond en verstand moes gebruik as middele om die leerstof te verwerk en te

begryp.[53)]

Alhoewel die waarde van sommige van die boge=noemde metodes nie betwis kan word nie, moet die waarskuwing wat Du Toit in dié verband gerig het, onthou word: "Seker die noodlottigste van hierdie vryhede, mits dit nie deur behoorlike gesag beteuel word nie, is die leer dat die onderwys so aangenaam as moontlik gemaak moes word. Dit het dan ook aanleiding tot allerhande kunsmatige motiveringsmiddele gegee soos beloning, wedywering, omkopery, eersug - opvoedkundig nood=lottige gebruike".[54)]

6.2.4.3 <u>Die onderwyser kom tot insig</u>

'n Goeie gevolg van die oorsese beïnvloeding op tug en dissipline in die Transvaalse primêre skole was die feit dat onderwysers teen die einde van die vyftigerjare van hierdie eeu ferm stand=punt daarteen begin inneem het. Die tug en dis=sipline van die skooljeug het algemene kommer gewek en 'n gesamentlike poging is van stapel ge=stuur om die verskynsel die hoof te bied. Talle

---

53) DU TOIT, op. cit., p. 303.
54) Ibid., p. 310.

artikels in dié verband is in die <u>Onderwysblad</u>, spreekbuis van die Transvaalse Onderwysersvereniging, tussen 1950 en 1960 gepubliseer. Op T.O.-vergaderings en T.O.-kongresse is die saak te berde gebring voordat 'n moontlike oplossing vir die vraagstuk uiteindelik geformuleer kon word. Daar is twee voorwaardes genoem wat die herstel van tug en dissipline in die Transvaalse primêre skole sou verseker, naamlik:

* die noodsaaklikheid van 'n Christelik nasionale onderwysbeleid wat die vrye toeloop van vreemde stelsels sou stuit, en

* die herwaardering van tug en dissipline volgens Bybelse grondslag. Dit het geïmpliseer dat die volwassenes (ouers en onderwysers) weer eens moes besef dat die kind as nie-volwassene, gedurig teen onbehoorlike gedrag vermaan moes word, want die Bybel as rigsnoer is vol dreigemente en beloftes aangaande tug en dissipline.

Die slegte neigings van die kind moes daarom bestry word en positiewe lewensdeugde moes aangeprys word. Daarbenewens moet die onderwyser altyd in liefde (nie hardhandig nie) optree wanneer oortredinge bestry word en indien tug moes volg, moes dit altyd billik en regverdig ge=

skied.[55]

Die primêre skoolkind moes weer eens geleer word om uit sy foute te leer om so op die lang duur 'n verstandige mens te word met Christelike lewenswysheid.[56]

### 6.2.5 Slot

Oorsese invloede op tug en dissipline in die Transvaalse primêre skole het die tradisionele beskouing oor hierdie onderwysaspekte heeltemal versteur en sodoende die onderwysdeure oopgegooi sodat volksvreemde onderwysverskynsels dikwels ongehinderd kon posvat. Die Christenonderwyser wat deur die jare bewustelik of onbewustelik ge= talm het om hierdie gevare die hoof te bied, het uiteindelik besef dat nie die mens nie, maar slegs sy Skepper hom kan toerus, om sy geledere teen sulke bedreiginge te sluit.

55) COETZEE, J.C.: Inleiding tot die historiese opvoedkunde, p. 236.
56) Ibid., p. 237.